Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 18/06 2021

Geagte Ouers/Voogde

Hierdie nuusbrief is die voorlaaste van die kwartaal. Die laaste nuusbrief sal op Vrydag, 9 Julie, uitgegee word. Die skool sluit op Vrydag, 9 Julie, om 10:30 vir die wintervakansie.

1. **Toetsreeks: 21 Junie tot 6 Julie 2021:**
   - Die toetsreeks neem op Maandag, 21 Junie, 'n aanvang.
   - Toetse word aan die begin van die dag geskryf en daarna word periode 1-6 van die betrokke siklusdag gevolg.
   - Leerders wat op 'n betrokke dag nie toets skryf nie, sal gedurende die toetsperiode die geleentheid kry om te kan leer.
   - **Ouers/voogde moet asseblief daarop let dat leerders skool MOET bywoon op die dae wat hul nie skryf nie.**
   - Gedurende die toetsreeks sluit die skool op Maandae tot Donderdae om 13:30 en op Vrydae om 12:40. Roetebusse vertrek direk daarna.
   - Grondslagfase volg normale tye.
   - **Woensdag, 7 Julie (DAG 8) en Donderdag, 8 Julie (DAG 9):**
     Normale skooldag (07:50 – 14:15)

2. **Klerebanktye vir die res van die kwartaal:**
   Die klerebank sal op 24 Junie en 1 Julie vanaf 13:30 tot 14:00 oop wees. Op Donderdag, 8 Julie, sal die klerebank weer op normale tyd oop wees (14:30 tot 15:00).

3. **Finansies:**
   Skoolfondsrekenings is vandag per hand aan leerders gegee. Ons rig 'n vriendelike versoek tot ouers om die rekening by u kinders te kry.

   Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
   ABSA Joubertina
   Rekeningnommer: 1970 430047
   Tipe rekening: Tjek
   Takkode: 334415
   Verwysing: KIND SE NAAM EN VAN

   Ons doen weereens 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat 'n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

herotel IGEN

4. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021</u>:**
   Hierdie is weer ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

5. **<u>Covid-prosedure</u>:**
   <u>Prosedure voor skool:</u>
   Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit.
   Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

   Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:
   - Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
   - Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
   - Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
   - Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

   <u>Addisionele veiligheidsreëlings om Covid 19 se verspreiding te beperk:</u>
   Indien **enige persoon in u huishouding** getoets is vir COVID-19 en u wag op u uitslag, moet u asseblief NIE u kind(ers) skool toe stuur nie. Sodra die uitslag **NEGATIEF** is, mag u kind(ers) weer skool toe kom. Indien die uitslag **POSITIEF** is, moet u en u huishouding vir ten minste 10 dae in isolasie wees. **Ek doen ‘n vriendelike, dog ernstige beroep, op u, as ouers, om die skool in kennis te stel indien u kind afwesig is a.g.v. Covid-19-toetsing in u huishouding.**

   HS McLachlan wend ‘n poging aan om te keer dat die virus versprei. Ouers en leerders moet asseblief verantwoordelik optree – vermy sosiale kontak en dra maskers.

   Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir ‘n afspraak met die skoolhoof en personeel.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit